

**Skriflesing:** 1 Johannes 2:3-17

Teks: **1 Johannes 2:7-11**

Sing- Ps. 31:1,17; Ps. 40:4,6; Ps. 66:7; Ps. 73:10

**1 Johannes 2:3-17**

**1Jn 2:3** En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooië bewaar.

**1Jn 2:4** Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy gebooië nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie.

**1Jn 2:5** Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is.

**1Jn 2:6** Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het.

**1Jn 2:7** Broeders, dit is geen nuwe gebod wat ek aan julle skryf nie, maar 'n ou gebod wat julle van die begin af gehad het. Die ou gebod is die woord wat julle van die begin af gehoor het.

**1Jn 2:8** En tog skryf ek aan julle 'n nuwe gebod wat waar is in Hom en in julle, want die duisternis gaan verby en die waaragtige lig skyn alreeds.

**1Jn 2:9** Hy wat sê dat hy in die lig is en sy broeder haat, is in die duisternis tot nou toe.

**1Jn 2:10** Wie sy broeder liefhet, bly in die lig, en in hom is geen oorsaak van struikeling nie.

**1Jn 2:11** Maar hy wat sy broeder haat, is in die duisternis en wandel in die duisternis en weet nie waarheen hy gaan nie, omdat die duisternis sy oë verblind het.

**1Jn 2:12** Ek skryf aan julle, my kinders, omdat die sondes julle vergewe is om sy Naam ontwil.

**1Jn 2:13** Ek skryf aan julle, vaders, omdat julle Hom ken wat van die begin af is. Ek skryf aan julle, jongmanne, omdat julle die Bose oorwin het. Ek skryf aan julle, kinders, omdat julle die Vader ken.

**1Jn 2:14** Ek het aan julle geskrywe, vaders, omdat julle Hom ken wat van die begin af is. Ek het aan julle geskrywe, jongmanne, omdat julle sterk is en die woord van God in julle bly en julle die Bose oorwin het.

**1Jn 2:15** Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie.

**1Jn 2:16** Want alles wat in die wêreld is—die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe—is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld.

**1Jn 2:17** En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig.

**Skriflesing:** 1 Johannes 2:3-17

Teks: **1 Johannes 2:7-11**

Sing- Ps. 31:1,17; Ps. 40:4,6; Ps. 66:7; Ps. 73:10

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons het al 'n hele ent die pad in hierdie brief moes ooptrap. Elke keer is ons gebring in die lig van Wie God is maar ons het elke keer gehoor wat dit beteken om uit God gebore te wees. U sal onthou die sentrale vers waarmee Johannes as belangrikste sleutel die grootste deel van die brief vir ons oopsluit, is 1 Joh. 5:19- . **19** *Ons weet dat ons uit God is en die hele wêreld in die mag van die Bose lê.* OM UIT GOD TE MAG WEES, beteken om vanaf God se kant die lewe in te gaan. So een is 'n uitverkore kind van God, iemand uit God gebore is dan werklik wedergebore. Johannes noem iemand wat wedergebore is iemand wat die ewige lewe ontvang.

Pretoria- 22 Maart 2015

Al is die wedergeboorte en die uitverkiesing nêrens pertinent in hierdie brief tot nou hanteer nie, is dit waar dit alles oor gaan. Johannes wat kon skrywe dat hy wil hê dat ons *blydschap volkome kan wees*, daarmee saam dat God wat heilig is, in elke opsig geheilig moet word. God wat heilig is, het ons gesien maak Homself bekend as dat God is die *ware Lig en in Hom is geen duisternis nie* (1 Joh. 1:5)

\*\*\*

Daarom dat Johannes wanneer hy op sy oudag met gelowiges die lewe opsom, dan praat hy nie met die wêreld nie, hy praat met God se kinders. In hierdie groot stad Efese, met baie onheile, groot dwalinge, totaal verkeerde godsdienste, mense verval in die slegste uiterstes, daar is keiseraanbidding, daar is die dwaling van die gnostiek waarna ons dikwels verwys het. Johannes praat soos 'n vader met hierdie mense, 1 Joh. 2:1- *My kinders...* en dan is dit soos u en ek dalk ons pa's kan onthou as hulle die slag ernstig met ons moet praat oor wat is jy besig om met jou lewe aan te vang, dan hoor ons hierdie vaderlike stem. Die pa sê nie die dinge dat dit ooit tot die pa se voordeel sal wees nie, néé die pa praat ernstig want gaan dit eintlik om die kinders en dit wat vir hulle goed is. So luister ons vandag ook nie omdat Johannes met ons praat nie, dit gaan oor God wat met ons praat, maar God wil vir ons 'n Vader wees.

God onderskei Homself as Vader, ja die vorige twee gedeeltes wat ons in twee preke hanteer het, het gehandel oor God wat sê ons moet ophou om te sondig, want onthou Hy wat God is, Hy het reeds die sonde saak op Hom geneem. Ons het 'n Voorspraak in die hemel, ja ons het 'n Advokaat (1 Joh. 2:1-2) wat as Regverdige reeds vir ons versoening bewerk het. Daar is die wêreld wat ons kan ingaan wat God se wêreld is, daardie wêreld noem ons God se koninkryk en wie God se koninkryk raaksien besef dat Christus se werk is voldoende vir die hele wêreld, vir elkeen wat deel van God se koninkryk is. Luister weer mooi hoe duidelik staan dit in 1 Joh. 2:2- *2 En Hy is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld.*

\*\*\*

Hierdie versoening in Christus, God se Vaderlike goedheid oor ons, ons wat weet ons kan ons God se kinders noem, ons het verlede Sondag God nog weer met ons hoor praat oor hoe moeilik is dit dan nou om kind van God te wees. God wil dit nie vir ons moeilik maak nie, glad nie, maar dan is daar die regte vertrekpunt nodig, nl. God se GEBOOIE. Luister na God se wil, m.a.w. laat God se gebooie jou lewe oorheers en moet nie dink ek is werklik in beheer en hiermee moet God nou ook maar vrede maak nie.

\*\*\*

Die erns waarmee Johannes hierdie mens na God roep wat dink ek is eintlik in beheer, Johannes noem so een baie duidelik dat hy/sy besig is om nie net vir ander mense nie, maar hulle is besig om vir hulleself te lieg. *Vers 4-4 Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy gebooie nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie.*

\*\*\*

U. wat hier was, sal onthou die gryse apostel het gepraat oor God se gebooie. Die gebooie wat bewaar moet word, daar is 'n baie ernstige stemtoon hierin opgevat, ja ons het gesê dit is waar God ons onder sy vergrootglas plaas, want kan die Here alles raaksien wat in ons lewens aan die gang is. Die Here sien ons harte, ons gesindheid, ons beeld wat ons besig is om te bou. Die vraag is, is ek besig om al meer na die ewebeeld van Christus vernuwe te word, is dit die beeld wat ek bou, of neem ek al meer die bese beeld van die wêreld aan. Die wêreld wat ons besef in die mag van die bese lê. Dit alles wat 1 Joh. 2:18 e.v. by gaan uitkom, die antichriste, die werk van die bese, dié wat daarop uit is om Christus en God en sy genadige bemoeienis met ons in die grond te wil vertrap.

Ons dink baie keer, ek is nie tot sulke boosheid in staat nie, u sal verbaas wees hoe naby die bese werklik aan mens kan kom! Gaan lees gerus die res van 1 Joh. 2 by u huise gaan. As ek nie al meer die beeld van Christus vertoon nie, ek word nie al meer na die ewebeeld van Christus vernuwe nie, dan bou ek 'n ander beeld, want beeldbouers is ons, of ons dit erken of nie. Die mens kan sonder die beeld wat hom/haar in die wêreld kenbaar maak, nie bestaan nie. Dit is waarmee jy bekleed is, dit waarmee jy elke dag aangetrek is, of God se beeld of ek dra die wêreldbeeld uit. Daarom is 1 Joh. 2:6 net so belangrik gewees. Om navolger van Christus te wees, of soos dit dan spesifiek hier staan- *Hy wat sê dat hy in Christus bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het...*

\*\*\*

Ons is nou by 'n baie mooi hoogtepunt in hierdie oumens se brief. Hy wat aan Christus kon vat, so het hy die brief begin, Hy wat Christus kon sien, Hy wat Christus kon hoor, Hy wat in elke opsig weet wat Christus Homself mee bekendgemaak het. Christus wil vir jou by Hom hê, daarom is jy Sy kerk, om geen ander rede nie. Die kerk moet by Christus staan, ja presies is dit wat die kerk moet doen dit wat die einde van vers 5 is- **ONS MOET WEET DAT ONS IN HOM IS.** Wie die kerk op enige ander wyse of vir enige ander doel in hierdie wêreld wil gebruik is met totale misbruik van die kerk besig. 'n Kerk wat misbruik word, word in alle geval 'n valse kerk en daarvan het die wêreld genoeg. Valse christusse, valse kerke, valse mense, dit word alles die beeld van die antichris.

Nou die hoogtepunt vandag- nl. God se gebooie wat 'n al 'n dieper kenmerk gaan dra, wat mense dalk selfs kon noem, hierdie is vir my NUUT, dit klink soos 'n nuwe gebod, maar weet u waarmee maak God elke keer die lewe nuut, deur ons die dinge wat ons van die begin af gehoor het, nuut te laat hoor. Die ou gebooie word nuut aangehoor wanneer mense behoorlik na mekaar gaan begin kyk, werklik vir mekaar begin omgee, ja daar word werklik erns gemaak met die liefde wat God vir ons gee, dat hierdie LIEFDE werklik in jou en my lewe 'n verskil sal maak. Ons gaan nie sentimenteel, stroperig, soetsappig met die liefde om nie, ja die ou stroperige benadering, elke mens moet nou maar liefde ontvang en so word daar baie oor die liefde gepraat, geskrywe, gesing, gefilosofeer, ja liefde, liefde liefde... seker van die mees misbruikte woorde op aarde.

\*\*\*

Johannes onderskei die liefde waarmee God ons eerste liefgehad het en daarmee word die wêreld van God se liefde as't ware in vier verdiepings opgebou. As ek vandag die liefde as 'n vier verdieping gebou mag voorstel, kom ons maak dit nog groter- gestel in u geestesoog, u wêreld word vanhier waar u is, tot en met die vierde hemel, die vierde verdieping is die hemel, waar alles volmaak is, opgebou. My blydschap is dan volkome, my vrede is volkome, die geregtigheid, die versoening, die gehoorsaamheid, die volle beeld van God waar ek net Christus navolg, alles bou op, maar as u nou hierdie vier verdiepings waar niks hoër as dit kan wees nie, wil sien ineenstort dan moet ek 'n gemors van die liefde maak. Dan maak ek nie net 'n gemors van die liefde nie, maar verdieping na verdieping stort my hele wêreldjie ineen.

\*\*\*

Die eerste verdieping wat Johannes noem is dat liefde maak dat ek nie hopeloos is nie. Die feit dat hier alreeds 'n waaragtige lig skyn. God is lig, Hy gee lig, *die waaragtige lig skyn alreeds* (vers 8), dit maak dat ek nie soos 'n ou pessimis alles altyd negatief wil afkraak en afbreek en maak asof God nie alreeds hier aan die werk is nie. God is reeds hier aan die werk, in my, rondom my, ja God se liefde is al aan die werk, die waaragtige lig skyn alreeds, op hierdie verdieping kan gebou word. As jy alles net altyd wil verdonker, dan kom jyself in die duisternis, dit bring jou in 'n hopelose situasie.

Jy word dan hulpeloos. Hopeloos, hulpeloos kom naby mekaar. Daarom is die tweede verdieping daar. Bou jou verhoudinge met ander mense uit God gebore, op. Moet nie altyd alles en almal wat veronderstel was om saam met jou bouers te wees, te wil afkraak nie, nog erger ek haat hulle en wil nie met hulle saamwerk nie. Waar gaan dit ons uitbring?! In 'n

hopelose, hulpelose situasie. So 'n mens kom nie net in die duister nie, hierdie haat maak 'n mens blind. 'n Duistere blindheid is die voorland vir hulle wat nie die waaragtige lig nou reeds sien skyn nie, hopeloos is dit... net so hulpeloos word die mens wat nie in staat is om sy haat vir sy medegelowige in liefde te verander nie. Dan val die tweede verdieping plat. Dit is die implikasies rondom vv 9-10: **9** *Hy wat sê dat hy in die lig is en sy broeder haat, is in die duisternis tot nou toe.* **10** *Wie sy broeder liefhet, bly in die lig, en in hom is geen oorsaak van struikeling nie.* Hierdie waaragtige liefde vir mense wat ek weet om die regte redes naby my is, saam in liefde, om die regte redes word daar vir die waarheid gestry. Op die manier hou ons mekaar op die voete en is ons nie oorsaak van mekaar se struikeling nie.

Die derde verdieping is dat ons mekaar se helpers en wagters is. So word ek nie hulpeloos nie en so sorg ek dat my naaste dit ook nie word nie. Waar ons in die tweede verdieping moet keer dat ekself nie moet val nie, so bou ons die derde verdieping dat ek alles sal probeer dat my medemens ook op sy voete sal bly. 'n Mens wat deur die liefde van Christus gedra word so 'n mens word bevry van haat, en weet waarheen hy gaan. Die teendeel waar die verdieping ineens stort, is vers 11- **11** *Maar hy wat sy broeder haat, is in die duisternis en wandel in die duisternis en weet nie waarheen hy gaan nie, omdat die duisternis sy oë verblind het.*

Dan kom die hoogste in hierdie 4 verdiepinge wat ons vanuit liefde aan die opbou is, jy wat uit God gebore is, begin by hulle die naaste aan jou. Het u mooi gehoor hoe dit amper klink of het Johannes in sy ouderdom nie nou bietjie deurmekaargeraak en deurmekaar begin skryf nie. Hy sê in vers 13- *Ek skryf aan julle vaders...direk hierna ek skryf aan julle kinders...* En dan sê hy eintlik presies dieselfde weer in vers 14- net in die verlede tyd... Wat is hier aan die gang?! Kinders, vaders, jongmanne, jongvroue, m.a.w. ongetroudes, getroudes, getroudes met julle kinders, hierin word ons liefde volmaak. Almal uit hulle gesinsopset moet aktief nader tree, daar in die gesin moet die tree van liefde gegee word om jou by die volgende gesin, die gesin van God, sy Kerk aan die werk te sien.

\*\*\*

As ek ander gaan toelaat om my lewe te vernietig, dan is die taal en logika van die ware Christen, dan gaan ek mense rede wil gee om my en ander te haat. Ek gaan nie toelaat om ander te haat en so eintlik my eie lewe te vernietig nie. Die geheim is laat die liefde werk, die liefde wat jou op die hoogste vlak plaas wat daar kan wees, dan maak dit jou oë oop vir ander se seer, se swakhede, se worstelinge, daar is koers want sien hulle dan werklik ook my seer,

my swakhede, my worstelinge raak. So bou ons mekaar op, so laat ons nie die duisternis van haat toe om ons oë te verblind nie.

Die grootste, die hoogste punt is ek moet Christus se liefde in my hê, voor ek met hierdie liefde enigiets kan doen. Weereens gaan dit oor wat ons elke keer nog by was. Alleen die wedergebore mens, die een uit God gebore, kan hier saampraat. Hierdie liefde laat iets met jou gebeur. Dit is nie soseer ek wat met die liefde iets doen nie, maar die liefde doen iets met my. Dit bevry my van soveel eie kwaad en haat en eiegeregtigheid. Dit bevry jou van die krampagtige behepthed met jouself en wat jou omstandighede is. Dit maak jou rustig en kalm omdat jy weet jy het 'n Vader in die hemel wat regtig vir jou lief is.

Daarom kinders, jongmense, vaders, soos Johannes julle onderskei, moet julle ook mekaar in liefde onderskei. Johannes is oud as hy hier skrywe, hyself het al hierdie lewensfases kaar deurleef, sy einde op aarde is naby, hy weet wat hy praat as hy op sy oudag hier praat. Dit is seker wonderlik as mens dan op jou oudag so kan terugkyk en ek het hierdie rustigheid van ek weet God het my vergewe. Om sy eie Naam ontwil het God jou vergewe. Dit wat vers 12-14 ons laat hoor, sluit so bymekaar aan maar bou vanuit die gesin baie sterk op God se liefde in- God word in sy liefde daadwerklik geglo- **12** *Ek skryf aan julle, my kinders, omdat die sondes julle vergewe is om sy Naam ontwil.* **13** *Ek skryf aan julle, vaders, omdat julle Hom ken wat van die begin af is. Ek skryf aan julle, jongmanne, omdat julle die Bose oorwin het. Ek skryf aan julle, kinders, omdat julle die Vader ken.* **14** *Ek het aan julle geskrywe, vaders, omdat julle Hom ken wat van die begin af is. Ek het aan julle geskrywe, jongmanne, omdat julle sterk is en die woord van God in julle bly en julle die Bose oorwin het.*

Die eerste keer as Johannes skrywe van kinders dan bedoel hy amper nog babas, suigelinge peuters, kinders wat nog nie mooi weet wat aangaan nie, maar God het hulle reeds weer gebore laat word. Hulle sondes word vergewe sonder dat hulle dit weet of kon vra. Vaders, ja mense in hulle middeljare, mense met gesinne, julle kinders noem julle hulle vader, wees dit werklik vir hulle. Jy moet seker wees jy ken God. Dit is wat Johannes vir pa's en ma's wil sê, ons wat hier in ons middeljare is, moet nie leef asof jyself jou kind kan voorskryf van moet nie maak wat ek maak nie, doen wat ek sê- los dit, dit is geen ouerliefde wat so praat nie. Daardie eerste kinders wat Johannes noem, bedoel hy werklik nog klein kindertjies, maar as hy van vaders praat, dan gaan dit oor mense wat al die ratte van die lewe sien draai het, maar ook liefde werk met ratte. Johannes beskryf eintlik so aangrypend hoe die liefde op

ratte kan loop, maar dan ook kan vassteek. As hy in vers 15 waarsku teen wêreldliefde, moenie die wêreld liefhê nie, dan gaan dit juis oor die wêreld wat die ratte kan laat vassteek.

Ek moet die wêreld onderskei van God se wêreld waar die koninkryk van God aan die kom is. Gesinne is waar liefde moet begin. Daarmee sluit ons dan vandag af. Ons gesinne moet eintlik 'n keer behoorlik by 'n byekorf vassteek. Bye is wonderlik. Hulle werk verskriklik hard maar daar is nog iets. Hier kry mens seker die beste voorbeeld van samewerking en opoffering. As een by blomme ontdek dan is sy eerste werk ek moet die ander bye die rigting hierheen wys. Hy is glad nie op homself ingestel nie, en gestel 'n nes word bedreig dan weet u 'n heuningby wat jou steek het eintlik daardeur sy eie lewe verloor. Hy het dit gedoen om sy nes te beskerm. Mag ons al meer hieraan gelyk word, ons wat die Gees ontvang het, wat uit God gebore is, pa's en ma's in ons huise moet wees, leef in die oorwinning van Christus. leef in Christus wat van die begin af is, maar hoe herhaal Johannes dit weer jy kan alleen hieruit leef as jy God ken.

Dit kan nie genoeg beklemtoon word nie. As Johannes die tweede maal van vaders praat dan praat hy van mense wat oud geword, hy wat nou ook 'n oue man is, ja jongmanne wat nog teen die Bose moet kan stry, maar vaders, daar kom 'n tyd wat jy nie werklik meer so kan stry nie, maar jou krag lê dan in Hom wat jy mag ken, van wie jy seker mag wees, ek is sy kind, Hy wat van die begin af is. Mag Hy ons almal help, want soos ons in die hele hoofstuk 2 dit ook beklemtoon het, dat God wil hê dat jy Hom ken, daarin lê jou geloofsekerheid, maar die sekerheid word net sterker want God wil hê dat op grond van ons doop, ek en my kinders is gedoop, daarin wil God vir jou sê Ek het my onlosmaaklik aan elke een in hierdie gesin verbind. Omdat jy dit weet, omdat liefde van alle kante vandag ter sprake gekom het, ja nou by die tweede diens gaan ons weer hiervan hoor, laat die liefde werklik liefde wek.

AMEN